

GRAAD 10 – Semantiek memorandum

1. In die advertensie is daar verskeie woorde waarvoor jy homonieme ken. Maak sinne met die homonieme van die volgende 4 woorde (om jou te help is hulle in die teks onderstreep) (5)
 - 1.1 wees (in die praatborrel) – **Wees wat beteken beide ouers leef nie meer nie.** ✓
 - 1.2 kan (in die praatborrel) – **Gooi water in die kan.** ✓
 - 1.3 by (in die paragraaf) – **Die by steek seer.** ✓
 - 1.4 meer (in die paragraaf) – **Na die reëns is die meer vol water.** ✓
 - 1.5 deur (in die praatborrel) – **Maak die deur toe** ✓

2. Die dogter op die foto is duidelik nog in die laerskool. Watter woord sou sy eerder in die plek van **onderwyser** gebruik? (1)
Juffrou ✓

3. Met watter woord sou jy **kinders** binne die konteks van haar sin kon vervang? (1)
leerlinge/leerders ✓

4. Sê in jou eie woorde hoe help 'n mens iemand om sy potensiaal te bereik. (1)
Jy help hom om sy talente te leer ken en te ontwikkel. ✓

5. Kies die woord in die dogter se praatborrel wat die beste in haar sin sal pas. (1)
bereik ✓

6. Wat noem ons sulke woorde wat dieselfde klink, maar heeltemal verskillend gespel word en ook heeltemal verskillende betekenis het? (1)
homofone ✓

7. Die laaste nege jaar (in die paragraaf) klink effens anglisisties. Verbeter die sin deur 'n beter woord vir **laaste** voor te stel. (1)
afgelope ✓

8. Skryf antonieme neer vir die onderstreepte woorde in die sinne uit die teks:
 - 8.1 Ons het reeds meer as R 3,5 miljoen in skoolfooie betaal. (1)
minder ✓
 - 8.2 Die wenners wil bydra tot 'n beter Suid-Afrika. (1)
verloorders ✓

9. Gebruik 'n agtervoegsel om 'n antoniem vir betrokke te vorm (1)
onbetrokke ✓

10. Met watter woord sou jy betrokke in die laaste sin van die teks kon vervang? (1)
deel ✓

11. Soek woorde in die paragraaf met die volgende betekenis:
 - 11.1 om jou heeltemal oor te gee aan iemand of iets se belange. (1)

toegewyd ✓

11.2 om iets aan die gang te sit. (1)

inisiatief

11.3. om namens jou die koste te betaal. (1)

borg/geborg ✓

12. Verduidelik hoe die opskrif letterlik (denotatief) of figuurlik (konnotatief) verstaan kan word. (2)

Letterlik beteken dit mense wat slaap en droom. ✓ Figuurlik verwys dit na mense wat mooi dinge/doelwitte vir hulle lewe nastreef. ✓

[20]